durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

**1 - 16 Augustus 2026**

**9 Augustus 2026, Vrouedag Uitreikfokus: Oekraïne**

| | |
|---|---|
| 9:00 | **Familiediens (Ouditorium)** *Ds. Mizelle Prinsloo* |

Deuroffer: Vrouebediening

**16 Augustus 2026, Uitreikfokus: Harvester Ministries / Magdalenahuis**

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Reynold Fourie* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)** Pieter Truter |

Deuroffer: Magdalenahuis

**23 Augustus 2026**

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)** *Dian Keyter - Proef preek Gemeentejaarstudent* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)** Pieter Truter |

Deuroffer: Menges Gesin: Duitsland

**30 Augustus 2026, Bybelsondag**

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)** *Ds. Mizelle Prinsloo* **Glow Kidz (Saal)** *Marinette Kilpert* **Oupa & Oumadag** |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)** Stephanie Steenkamp |

Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds

**GEBEURE OORSIG:**

12 Aug: 9:30 - 10:30 Gemeente Gebedsuur
15 Aug: Verlieswerkswinkel
17 Aug: Kerkraadsvergadering
18 Aug: Huweliksvoorbereidingskursus
19 Aug: Seniorhulpwerkers
21 Aug: Regeneration Sokkie
22 Aug: Ondersteuningsgroep
25 Aug: Doopkategese
26 Aug: ~~Orrelfees~~ - uitgestel
27 Aug: Seniors
30 Aug: Oupa & Oumadag

200 JAAR 1826 2026 DURBANVILLE GEMEENTE











*Bergsig is afgestig van Durbanville Gemeente soos die dorp uitgebrei het in 1982.*

## 6 Augustus 1826

Min van ons het 'n begrip van 1826. Veral hoe Pampoenkraal *(vandag se Durbanville)* gelyk het én hoe dit was om kerk toe te gaan met jou ossewa en op die dorpsplein uit te span *(langs die stadsaal)*. Die pragtige kerkgebou vertel sy eie storie van geloofsgenerasies tot vandag, 200 jaar later.

Ons het Donderdag die gemeente se 200 bestaansjaar gevier met 'n Seder wat geplant is. Ds. Tinus van Zyl het die eerste sooi uit gespit en ons eie ds. Mizelle Prinsloo het ook gespit dat die kluite spat.

Almal het heerlik saam aan die verjaarsdagkoek geëet en bevoorreg feesgevier.









# Vanuit die Uitreikkantoor ...



Getuienisweek 2026 met Ds. Reynold Fourie as spreker. Die Uitreike expo was terselfdertyd in die binnehof met verskeie vennootskappe wat uitgestal het, wat lidmate kon besoek.




Ons prys die Here dat ons betrokke kan wees **op ons voorstoep en oor grense heen.**




## Geloofsgelofte-Offers (GGO)

Om jou belofte te maak en by te dra vir die Uitreik BUITESPOOR – klik hier

# Maak die wêreld 'n beter plek

Hier is hoe jy kan help: deur 'n **GELOOFSGELOFTE-OFFER VENNOOT** te raak. (Mat 5:14 Julle is die lig vir die Wêreld)

### Maak jou belofte

God wil hê dat ons in **GELOOF** 'n bedrag aan Hom moet **BELOOF** en Hom dan vertrou om dit vir ons te skenk. Deur jou te verbind word jy deel van die Bergsig uitreikspan wat die Evangelie van **HOOP** uitdra.

### Hoe kyk ons daarna

Die bedrag is **BO** en **BEHALWE** jou begrote uitgawes (wat ook jou dankoffer aan Bergsig gemeente sowel as enige ander steun aan Christelike aksies / organisasies insluit).

### Hou dit voordeel in?

Elke projek / instansie gelys in Bergsig GGO-brosjure baat by jou belofte klein of groot. 'n Totale verdeling word dus aan Bergsig-uitreike gegee.

### Hoe werk dit?

Amper soos 'n inspuiting! Jou donasie word op Ons Voorstoep en Oor Grense heen gebruik om die groot wêreldwye taak uit te voer. Ons hulpbronne (soos deur God op 'n unieke wyse voorsien) seën dus ander. Gewillige, toegeruste mense, sowel finansies help nood verlig en Evangelie uitdra.


### Hoe klop jou hart?

Voel jy geroep om te help? Neem die GGO brosjure & beloftevorm vandag. Gaan lees meer en word deel.

https://www.cognitoforms.com/Bergsig1/GeloofsgelofteoffersGGO




## Kerkraadnominasies



Nominasies is tans oop vir die leiers-verkiesing.

Nominasies sluit Sondagaand 16 Augustus 18:00. Gebruik die skakel om te nomineer:

https://www.cognitoforms.com/Bergsig1/KerkraadNominasies



**Gewone nuus:**

**Foto links:** Drie personeellede, Marinette, Alet en Pieter het die week hul vlak 1 noodhulp kursus voltooi om te verseker dat hier kundige personeel is vir noodgevalle.

**Foto regs:** Die bloekombome moes onlangs gesnoei word weens groot takke wat afbreek.

**Foto heel regs:** Paulus, Joseph en Fenny se kantoor is funksioneel ingerig en verfraai.















Die nuwe TREAT koffie POD word tans opgerig. Die area het 'n gewilde bymekaarkom plek geword vir die gemeenskap.










## Kuns Oase





Wat gebeur met jou wanneer jy kreatief raak? Iets anders …

Jy moet dink oor kleur, vorms en baie meer.

Dit stuur jou gedagtes weg van die nou. Later die jaar beoog ons om die hele gemeente te betrek by iets kreatief.



Daar is party wat nou dink: "Ag nee wat dit is nie vir my nie", of "ek is klaar met hierdie soort ding". Ons hoop egter vir massa deelname en ook dat julle ietwat nuuskierig gaan raak oor wat kom. Ons deel later meer met julle.




Sien hieronder GlowKidz se kwartaalprogram. Indien jy meer inligting oor enige van die gebeure verlang kontak Marinette Kilpert die juniorjeugwerker by: **junior-jeug@bergsigdv.co.za**
















Die mediakamer is deur die vakansie meer funksioneel ingerig met beter stoor– en werkspasie. Hieroor is ons baie dankbaar.













**Winter-vakansieprogram:**
Bergsig & Moedergemeente se kinders leer saam.




















## Spoorsnyers vir Jesus

**Die drie dae se temas was:**

1. Spoorsny om ander te help
2. Spoorsny om 'n verskil te maak
3. Spoorsny om te luister (na God se stem)












# Glow Kidz Gebedstasies 2026

In Deuteronomium 6:7 staan daar: "Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."

Dit is nie opsioneel om jou geloof te deel nie. Dis 'n opdrag en ons kinders moet leer en weet!

















Die kinders het met aandag geluister by elke gebedstasie.













Leer jou kind bid




**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810


SnapScan

Snap here to pay

scan to donate now

zapper

donate with

VISA

and many more

www.zapper.com